

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 12 Johannes 8 3-19; 41 – 58. Teks 8:11 Jesus sê toe: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: "Jesus maak ons kinders van God, die Vader. Satan se kerk is 'n valse Christelike kerk wat 'n valse Christus aanbid." Christus openbaar in Joh. 8:44 dat wie nie in Hom as Christus glo nie, maar in 'n ander Christus glo, is kinders van die duiwel en wil die begeertes van die duiwel as hul vader uitvoer. Wat is die duiwel se begeertes? Die duiwel wil nie hê sy kinders moet afgodsdienste beoefen nie. Dít doen mense uit hul eie sonde sonder die duiwel. Die goddelose mens se hart, sonder die duiwel, is die fabriek vir die maak van afgodsdienste soos voorvaderverering, Boeddhisme, Hindoeïsme en Mohammedanisme. Die duiwel wil ook nie hê dat sy kinders Sataniste, in die moderne geestelike opvatting daarvan, moet wees nie. Hy begeer dat sy kinders 'n valse CHRISTELIKE kerk moet wees en met hulle aanbidding van die lyding en opstanding van Jesus Christus 'n leuen moet maak. Daarom noem Christus hom die vader van die leuen – bedoelende die vader van die leuen oor 'n valse Christus en valse verlossing - Joh. 8:44. Maar Jesus Christus is die waarheid: die ware Christus wat ware verlossing bring. Dit is presies wat die duiwel, en die skrifgeleerdes en Fariseërs as sy kinders, by die tempel met die overspelige vrou wou maak. Hulle wil teenoor Jesus wys hoe hulle glo die regte Messias moet wees en Jesus as 'n valse Messias ontbloot. Die duiwel se kinders glo in 'n "Christus" wat hulle as God se ware bekeerdes en vromes volgens sy WET, deur die WET van God bemagtig, om mense wat God se WET oortree, met geweld te onderwerp en te vernietig, met klippe dood te gooi. Die duiwel se kinders is geestelikes wat glo dat hulle deur die MESSIAS (=CHRISTUS), God se haat en geweld teen sonde uitvoer. Só is die duiwel die vader van sy kinders. Preek beskikbaar op Google by ngkerkleuvubu.co.za Ds. Petrus.

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 12 Johannes 8 3-19; 41 – 58. Teks 8:11: "Jesus sê toe: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: "Jesus maak ons kinders van God die Vader." Joh. 8 is 'n voorspel van alles wat met Jesus in Johannes hoofstuk 18: 28 tot 19: 30 gebeur. In wat Jesus met die overspelige vrou doen, is Hy reeds die ware Christus van die ware kerk van die Here. In sy veroordeling onder Pontius Pilatus en kruisiging staan NIEMAND sonder sonde voor God die Vader nie. In Christus se gawe van die Gees staan ALLE mense, ook die skrifgeleerdes en Fariseërs, nie net 'n vrou wat op heterdaad in overspel betrap is nie, skuldig aan sonde. Joh. 16:8. Daarom verval die onderskeid tussen skuldiges en onskuldiges, vromes en ligsinniges, bekeerdes en onbekeerdes volgens God se wet wanneer Jesus Christus beide die Fariseërs en die overspelige vrou aanspreek. Deur sý lyding onder Pontius Pilatus en sý kruisiging is daar geen veroordeling vir ELKE sonde wat in Hom glo nie: nie vir skrifgeleerdes, Fariseërs of 'n overspelige vrou nie. Want in sy veroordeling onder Pontius Pilatus neem die Here alle oordeel van God oor elke gelowige sonde weg, is daar geen wetlike en gemeenregtelike straf meer van God oor sonde nie en in sy sterwe is daar

ook geen doodsvonnis meer oor sonde nie. Dit wys in die kontras dat Hy die Een word wat in die plek van die owerspelige vrou met klippe gegooi word. (Joh. 8:4, 59) Christus is self GOD, wat die veroordeelde MENS word om as God nie sy kinders te veroordeel nie. Daarom stel Hy duidelik en onomwonde dat "Hy is" Joh. 8: 24 en dat voor Abraham geleef het, was Hy al wat "Hy is" - Joh. 8: 58. Daarmee stel Jesus Christus dat Hy self God is soos God Hom in Exodus 3: 14 openbaar. Só is Hy die ware Christus en maak Hy sondaars kinders van die Vader. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 12 Johannes 8 3-19; 41 – 58. Teks 8:11: "Jesus sê toe: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: "Jesus maak ons kinders van God die Vader." Jesus het 'n demoon in Hom! (Joh.8: 48,52) Só veroordeel die skrifgeleerdes en Fariseërs vir Jesus. Dit beteken nie maar net dat hy onsinnig en 'n versteurde mens is nie. Hulle sê, soos die Direkte Afrikaanse vertaling dit goed vertaal: Jesus het 'n demoon! Dit is die leuen wat die duiwel hier self nou oor Jesus Christus skep. Jesus het 'n demoon beteken in vandag se geestelikes se taal dat Jesus 'n binding van die Satan het, in die mag van 'n bose gees is en op hierdie wyse duiwels is, in die letterlike betekenis daarvan. Die Satan skep die leuen dat Jesus Christus, God, die Seun van God die Vader, 'n demoon het en duiwelsbesete is Dit is presies dieselfde oordeel wat die valse kerk van Satan oor gelowiges as kinders van die Here vel: gelowiges het deur een of ander spesiale sonde wat hulle gedoen 'n demoon in hulle! Hulle het 'n binding van die Satan! Hoekom oordeel hulle dat Jesus 'n demoon in Hom het? Dit is oor dat Hy nie die owerspelige vrou veroordeel het nie en hulle ook, nes die owerspelige vrou, as sondaars uitgewys het! Omdat Jesus die Messias, die Christus is, self God is wat onder ons kom woon het, (Joh. 1: 14) self die veroordeelde mens geword het onder Pontius Pilatus om ons nie te veroordeel en dood te maak nie (Joh. 18:31,32) maar om vir ons die ewige lewe in God se liefde te gee (Joh. 3: 16), dáárom het Jesus, volgens hulle, 'n demoon, is Hy die duiwel se Christus! Hierteenoor verklaar die Here Jesus dat hulle net soos húl vader, die duiwel, mensemoordenaars is, wat sondaars veroordeel en in die Naam van hulle valse Messias mense vir God verniel en doodmaak – onthou, hulle wou die owerspelige vrou met klippe wil doodgooi. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 12 Johannes 8 3-19; 41 – 58. Teks 8:11: "Jesus sê toe: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Tema: "Jesus maak ons kinders van God die Vader." Ons moet vandag die kinders van God die Vader en die kinders van die duiwel ook kan herken en van mekaar onderskei, soos die Here die kinders van die duiwel en die kinders van God van mekaar onderskei. Wie glo dat Jesus die Christus is, vir hulle gee God die Vader die reg om sy kinders te wees. (Joh.1: 12) Volgens Joh. 3 is ons kinders van God deur ons geloof in die veroordeling, kruisiging, sterwe, opstanding

en verhoging van Jesus. Wie in Jesus Christus glo, is uit God gebore as sy kinders, weer gebore om God se kinders te wees. Jesus Christus moor, vermink en verniel nie mense nie. Hy gee vir hulle die ewige lewe – om ewig in God se liefde te leef. (Joh. 3: 16) Hy veroordeel nie sondaars nie, maar verlos sondaars van God die Vader se oordeel. (Joh.3: 17,18) Geestelikes wat kinders van die duiwel is verkondig 'n valse Christus wat mense vermink. Dit klink vandag só: Jy moet weet dat God jou aankla en dat jy eendag voor God se regterstoel moet verskyn sodat God jou kan vra hoekom jy in sy hemel mag ingaan; Jy moet wie jy as mens en as persoon is, kruisig en opgee; Jy moet jou eie-ek in jouself doodmaak deur jouself as dood te reken! Jy moet in jou menswees niks wees nie en leeg word sodat God jou met sy goddelikheid kan vervul! Dit is die kinders van die duiwel wat hierdie eise aan gelowiges stel. Wat beteken al hierdie eise anders as dat jy jouself met klippe moet laat doodgooi by God se tempel? Jesus Christus het nie gekom om ons self te vermink en te dood in ons menswees vir God nie. Hy het ons menswees vir God HEEL kom maak om saam met Hom vir ewig te leef. Beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus.

Vrydag

Joh. 8 3-19; 41 – 58. Teks 8:11 Jesus sê toe: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan, en moet van nou af nie meer sondig nie." (Direkte Afrikaanse Vertaling DAV) Tema: "Jesus maak ons kinders van God die Vader." Satanisme, soos dit vandag deur meeste predikante, pastore en priesters voorgehou en bemark word, is nie die kinders of Messias van die duiwel nie. Satanisme is 'n front wat die kinders van die duiwel self opmaak, om hulle te laat goed lyk en die Here se kerk sleg te laat lyk. Satanisme is geen Bybelse werklikheid nie. Dit is 'n slenter van die duiwel se kinders om gelowiges soos mense wat demone het te laat lyk en hulle self as die ware bekeerdes van God voor te hou - net soos hulle met Jesus gedoen het. (Joh. 7:20, 8: 48, 52 DAV) Die wyse waarop hierdie geestelikes Satanisme skep, is deur die wet van God te preek as die krag van die mens se sondige geaardheid. (1 Kor. 15: 56, Rom. 7: 8 – 12) Hulle sal preek dat sekere musieksoorte, die dra van die teken 666 en sogenaamde duiwelse simbole, jou vervul met bese magiese kragte. Met hierdie waanbeeld maak hulle, die geestelikes (nie Satanistiese priesters nie!) tieners lus om kragtige magiese tieners te word. Hierdie geestelikes bemark al die inligting wat nodig is hoe om sogenaamde Satanistiese byeenkomste in obskure plekke te hou. Só begeester hulle tieners om Sataniste met magiese kragte te wees. Dit doen hulle om hul self te kan voorhou as die kerk wat tieners van die duiwel bevry - en dan kom hierdie bese slenter van die duiwel self. Om van hierdie selfopgemaakte Satanisme bevry te word, preek hulle moet jy jouself as * veroordeel voor God erken, * jou menswees kruisig, * jou eie-ek doodmaak * en in jou menswees niks word nie sodat jy goddelik kan word. Hierdie valse verlossing is die werklike mag van die duiwel en sy kinders deur bewegings soos o.a. die CSV, #Imagine en sekere erkende Christelike Kerke, agter die front van Satanisme wat die moderne Christelikheid opmaak en beveg om die valse kerk self goed te laat lyk. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus